
# Die Watersiklus

In ‘n siklus word ‘n klomp gebeurtenisse (dinge wat gebeur) in dieselfde volgorde herhaal.

## Wat is die watersiklus?

Die watersiklus verwys na hoe water verander van een toestand na ‘n ander in ‘n siklus, wat oor ons hele planeet plaasvind.




***Die watersiklus***

**<u>Kom ons kyk na die verskillende fases van die watersiklus:</u>**

- Die <u>son se hitte</u> veroorsaak dat <u>water</u> uit die oseane, strome, riviere en mere <u>verdamp</u>.
- Die <u>waterdamp beweeg in die lug op</u>.
- Hoër op in die lug, waar die <u>lug koeler</u> is, <u>kondenseer</u> die waterdamp <u>tot miljoene klein waterdruppeltjies</u> wat saam ‘n <u>wolk vorm</u>.
- Wanneer die <u>waterdruppels</u> in die wolke <u>groter raak</u>, val van die water af na die Aarde toe as <u>reën</u>.
- In ander <u>wolke</u> wat <u>nog kouer</u> word, <u>vries die waterdamp</u> en dit vorm <u>hael of sneeu</u>. Dit <u>val dan af na die grond en smelt</u>.
- Van die <u>afloopwater</u> wat op die grond val, <u>vloei na die riviere en dan na die oseane</u>.
- Hierdie <u>water sal weer verdamp</u> om weer deel van die watersiklus te vorm.